

Gebedsprogram 5 Desember 2021

2021 was 'n uitsonderlike uitdagende jaar waarin baie uitdagings beleef is. Baie dankie aan elke persoon wat vanjaar getrou volgens die gebedsriglyne voorbidding gedoen het. Hierdie is die laaste gebedsriglyn vir 2021, dankie dat jy egter nie sal ophou bid nie!

1 Tess 5:17 - Bid gedurig!

- **Fokusteks:** Jes 9:1 Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.
- **Kerngedagte:** Die beloofde Lig skyn nogsteeds in Kaapstad in 2021 tydens 'n wêreld pandemie.
- **Gebedsversoeke** kan gestuur word aan: pretorius.mm@mweb.co.za

Advent

In die kerklike jaar gaan ons nou Adventstyd binne, 'n tyd waarop ons fokus op die koms van Jesus Christus. Ons bid die adventsbedes saam met die adventskerse wat ons elke Sondag aansteek.

Ons tweede adventsbede fokus op vrede. Die engele het Jesus se koms aangekondig met die lied "Vrede op Aarde". Jesus kondig ook later self aan dat Hy vrede bring. "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle." (Joh 14:17)

Gebed: Here ons steek die 2 de adventskers aan as 'n simbool van Jesus se vrede, en ons bid dat u innerlike vrede onlosmaaklik deel van ons lewens sal wees. Kom, ja kom haastig, Immanuel - Amen

Saaityd

Ons sê dankie

- Dank die Here vir die produkte wat die lidmate so mildelik bygedra het.

Bid vir die Saaityd-Projek

- Bid vir die uitsortering van die produkte en die uitdeel daarvan.
- Bid dat die produkte 'n duidelike verskil sal maak waar dit aangewend word.
- Bid dat mense en instansies wat dit ontvang iets van God se liefde daardeur sal beleef en dat dit lewens sal aanraak en verander.
- Bly bid deurlopende vir elke instansie waarby ons betrokke is.

ALGEMENE GEBEDSVERSOEKE

- Dank die Here vir sy trou, genade en sorg in 2021 in jou lewe, asook vir ons gemeente.
- Bid vir die leerders, matrieks en studente wat besig is met hulle laaste eksamens asook die onderwysers en dosente wat vraestelle moet nasien.
- Bid vir persone wat ernstig siek is, kanker het en operasies ondergaan het, mense wat geliefdes aan die dood afgestaan het, mense wat op een of ander manier geraak word deur die Covid 19 pandemie, bid dat God se genade vir hulle genoeg sal wees.
- Bid vir die realiteit van 'n volgende Covid 19 golf wat die land en spesifiek ons streek tref. Bid dat mense verantwoordelik sal wees en dat die virus in toom gehou sal word.
- Bid vir die vakansietyd wat voorlê, dat gesinne lekker sal rus en goeie tyd saam met familie en vriende sal spandeer

- Bid vir die veiligheid op ons land se paaie die komende vakansie.
- Bid dat die ware boodskap van Kersfees in 2021 mense se lewens sal aanraak en verander.

**Mag julle elkeen 'n goeie rustyd beleef en baie seën beleef met
Kersfees!**